

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE KEURINGS DAG:

Ons is **12 Markte wat op Saterdag 25 Mei 2024** saam 'n keuringsdag hou.

Dit vind plaas DV in die kerksaal van Lourensrivier Gemeente, op die hoek van Broadway en Da Gama straat, Strand. Dit is op die hoofroete na Gordonsbaai. Die gemeente beskik oor 'n ruim saalkompleks met 'n groot parkeerarea wat daaraan grens.

- **Slegs 2 uitstallers** toegelaat om uit te pak (**geen kinders asseblief**).
- Uitstallers **moet 15 minute voor hul tydgleuf daar wees** om hul artikels betyds te kan uitpak.
- **Pak so vining moontlik uit** en verlaat die saal. Uitstallers sal geroep word om produkte te kom uitpak en op te pak wanneer keurders klaar is.
- Geen uitstaller word weer in saal toegelaat nadat sy klaar haar produkte uitgestal het vir keuring nie.
- Uitstallers **moet eie tafeldoek saambring** (tafels word wel voorsien).
- **'n GROOT NOTA** met **uitstaller se naam en van, eposadres en selnommer moet saam met uitstalling op tafel geplaas word**.
- Op die keuringsdag moet uitstallers **voorbeelde van al hul produkte** wat hulle gaan verkoop aan die keuringspaneel voorlê. Hoef nie 'n groot uitstalling soos by 'n mark op te stel nie.
- Uitstallers moet sorg dat al hul **produkte duidelik met 'n prys gemerk is**.
- **Uitstaller besluit self in watter kategorie die produkte val**. *Indien dit in meer as een kategorie val, kies die kategorie van die meeste artikels en pak al die produkte tydens daardie tydgleuf uit* - hoef nie vir die ander tydgleuf te wag nie. **Bv. juwele en naaldwerk kan in een kategorie uitgepak word**.
- Indien Uitstaller nog nie haar **voltooide aansoekvorm met 'n volledige produk-/pryslys kon ge-epos het nie, bring sy dit saam** en plaas dit op die tafel by haar uitstalling.
- Die **aansoekvorm, produk-/pryslys en foto's moet voor of op 15 Mei 2024 ge-epos wees aan mark by wie sy graag wil uitstal**.
- Daar sal **geen terugvoering op dag van keuring gegee word nie**. Jy sal per epos verwittig word of jy suksesvol was of nie.
- **Indien die uitstaller nie betyds kan wees** vir die kategorie waarin haar produkte val nie, kan sy by enige ander kategorie inval. Indien uitstaller **nie self teenwoordig kan wees nie, moet sy reël dat iemand vir haar instaan**. Kontak Annalie dat Keurders kennis kan dra dat jy nie betyds kon wees of dat iemand anders vir jou instaan.

Al was jy vorige jare 'n uitstaller, moet jy nogsteeds kom, tensy goedkeuring verleen is dat jy as uitstaller nie teenwoordig hoef te wees nie.

➤ **Proesels op tafels:**

Alle eetgoed moet die volgende bevat: Inhoud (bestanddele) Vervaldatum, belangrike inligting rakende die berging van die produk, bv. op 'n rak of in die koelkas (voor of na oopgemaak).

Uitstallers moet asseblief **'n geseëde proehouertjie/sakkie op die tafel plaas** met Mark se naam bo-op aangebring by wie hy/sy graag wil uitstal. – bv Lourensrivierfeesmark.

Die organiseerder moet proe hoe jou eetgoed smaak - anders kan jy nie in aanmerking vir die Mark kom nie.

.....

- Uitstallers sal ongelukkig in hul voertuie moet wag voor hulle kan inkom vir hul uitstalbeurt – **nie in die kleinsaaltjie nie**. **Alleenlik die uitstallers wat uitgepak het**, mag in die kleinsaaltjie wag om weer op te pak.
- As dit 'n mooi dag is, bring vir jou 'n eie gemakstoel saam om lekker buite die saal op die grasperk te sit terwyl jy wag vir jou tydgleuf.

Bring 'n geldjie saam Daar **gaan 'n Kafee wees met heerlike iets te eet en te drinke - te koop!**
Uitstallers wat nog wag vir hul tydsgleuf, **is welkom om by die groot deur/hek van die grootsaal in te kom om iets te ete of te drink te koop.**

- **Gedurende etenstyd 12:00 tot 13:00** is uitstallers welkom om iets te ete by Kafee te koop en dit in kleinsaaltjie te geniet.
- **Tussen tydsgleuwe - In kleinsaaltjie** moet uitstallers wat uitgestal het, wag. Daar sal "bierboxe" deksels wees met marknaam bo-aan van elke mark. 1 Box vir 'n mark se aansoekvorms en 1 Box vir voltooide aansoekvorms. (Aansoekvorms alleenlik as uitstaller nog nie 'n aansoekvorm van 'n mark voltooi het nie).
- **In kleinsaaltjie: Pamflet met Keuringsdag Keurders se markname en info** sal beskikbaar wees.
- Uitstallers kan dan ook sommer die markte waarin hulle nog belangstel se aansoekvorms voltooi - terwyl hulle wag - en in die mark se box plaas.
- **Markte plaas op tafel van uitstaller in wie hulle belangstel** hul aansoekvorm. Bo-aan hul aansoekvorm moet marknaam asb. aangeteken wees- **Uitstaller moet die aansoekvorm in box in kleinsaaltjie by marknaam plaas.**
- Uitstallers is **welkom om** Toesighouer in kleinsaaltjie te nader om inligting te vra **"hoe maak mens"** indien enigiets onduidelik blyk te wees.

KEURINGSPROGRAM:

Keuring van kategorië sal stiptelik op die uur begin.

Sal 'n klok lui wanneer keuring van 'n tydsgleuf verby is.

08:00 – 09:00: Juwele, Krane, Kersversiering Plante, Droë of Kunsblomme.

09:00 – 10:00: Pottebakkerie, Porselein, Glas, Muurbehangsel, Mosiac en Allerlei

10:00 – 11:00: Kerse, Kaartjies, Boeke, Kartonware, Seep & Badprodukte,

11:00 – 12:00: Skilderye, Houtwerk, Rame, Metaalwerk, Leer, Rottang, Tou en Speelgoed,

12:00 – 13:00: **ETENSTYD**

13:00 – 14:00: Eetgoed (koekies, vrugtekoeke, beskuit, lekkers, droëvrugte, ens.), Biltong, Konfyte. Souse, Drinkgoed, en Speserye.

(Asseblief proeseltjie in geseëde houertjies/sakkies met mark se naam op).

14:00 – 15:00: Naaldwerk (o.a. kussings en allerlei), Klere, Breiwerk, Hekelwerk en Lapverf....

Vriendelike groete



Annalie Möller
Nms KEURINGSKOMITEE
072 269 6592